

Woensdag **15 Mei**

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Kolossense 3:9, 10, 14 (AFR2020)

In liefde vernuwe tot liefde

Ons het gister gehoor dat God van ons verwag om in ooreenstemming met die manier waarop Hy ons geskep het, te leef. Deur die genade van Woordverkondiging kry elkeen van ons die opdrag om in ware geregtigheid en heiligheid te leef. Maar wat beteken dit prakties?

In ons Almagtige Vader se goedheid gee Hy nooit abstrakte opdragte vir sy kinders nie. Wanneer ons deur Hom opgeroep word om in ooreenstemming met die manier waarop Hy ons geskep het, te leef, dan wys Hy ons presies hoe só 'n gehoorsaamheidslewe behoort te lyk. Wat 'n heerlike troos!

Kolossense 3:5-17 is een van die gedeeltes in die Skrif wat hierdie gehoorsaamheidslewe vir ons uiteensit (vgl. ook o.a. Ef. 4:25-32; Ef. 5). As kinders van God, wat met Hom verenig is, behoort ons onself te herinner dat ons reeds die ou mens en al sy sondige gewoontes uitgetrek het, en reeds met die nuwe mens in Christus bekleed is. Deur God Drieenig se genade word ons ook vernuwe na die beeld van ons Skepper (vs 10). In sy Vaderliefde los God nie sy kinders nadat hulle in sonde geval het nie. Deur Christus herskep Hy ons sodat ons vernuwe kan word in ons hart en in ons gedagtes. Nou werk die Heilige Gees kragtig in gelowiges sodat ons ál die opdragte van hierdie gedeelte kan gehoorsaam.

En dan lig Paulus een aspek van hierdie nuwe mens in Christus uit, en dit is dat ons onself met onderlinge liefde behoort te bekleed. Want wanneer ons mekaar, as medegelowiges, wáárlík liefhet, sal ons spontaan aan God se opdragte gehoorsaam wil wees. Deur sy liefde word ons vernuwe tot liefde vir Hom én liefde vir mekaar.

Sing: Skrifberyming 70:1

Ds. LD (Daniël) Myburgh (Venterstad)